



## **GENERALE MISSIVE**

*Nuusbrief van die Stigting VOC 1/17  
Newsletter of the VOC Foundation*

Die Stigting VOC het op 16 September 1995 tot stand gekom met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel. Dit is die wettige eienaar van die historiese VOC-handelsmerk in Suid-Afrika. *The VOC Foundation was established on 16 September 1995 with Conservation, Education and Cultural Tourism as its aims. It is the legal owner of the historic VOC trade mark in South Africa.*

**Internet:** <http://www.voc-kaap.org> **E-pos/E-mail:** [vocinfo@voc-kaap.org](mailto:vocinfo@voc-kaap.org) **Skakel/Contact:** Sekr./ Secr.: mnr R. Rode, tel.021-438-8095, e-pos: [rodecb@icloud.com](mailto:rodecb@icloud.com) . **Lidmaatskap /Membership:** **Finansies /Finance:** mnr C. Wessel, tel: 082-377-1682. **Bank:** ABSA rek./acc. 9258840691: 'Stigting VOC Foundation.'

---

*Welaen Vrunden!*

### **Kennisgewing van Algemene Jaarvergadering, 2017**

Die 22ste Algemene Jaarvergadering van die Stigting VOC vind om **10:00** op **Saterdag, 1 April 2017** in die Kapel in die Kasteel de Goede Hoop plaas. (Parkering: Tussen bastionne Leerdam en Oranje, uit Darlingstraat.)

#### **Agenda vir Algemene Jaarvergadering, 2017.**

1. Verwelkoming en Aankondigings.
2. Kennisgewing van Bykomende Sake (Moet vóór vergadering met Voorsitter uitgeklaar word.)
3. Kennisgewing van afwesigheid.
4. Notule van AJV, 2016. (Sien Bylae A.)
5. Voorsitter se Jaarverslag, 2016.
6. Finansiële Jaarverslag, 2016. (Sien Bylae B.)
7. Nuwe Grondwet.
8. Verkiesing van Uitvoerende Komitee.
9. Projekte: 2017.
10. Bykomende sake.
11. Gasspreker: Prof. J. Fourie, 'Onderwerp: Die relatiewe rykdom van die Kaapse Vryburgers'
12. Afsluiting.
13. Heildronk en Sosiaal.


Nadat die Voorsitter die vergadering sluit, verdaag ons vir 'n sosiale halfuurtjie. So gou as almal gereed is sal hy die gebruiklike heildronk instel: '*Huis van Oranje!*' Dit is nie nodig om iets saam te bring vir die heildronk nie, want die borge maak dit moontlik.

#### **Insake die Algemene Jaarvergadering.**

Ons probeer om die AJV so na aan Stigtingsdag (20 Maart) te hou. Ons vra lede om asseblief die vergadering by te woon en gee hiermee drie weke kennis van die komende vergadering, sodat u sake so kan reël dat die oggend van Saterdag, 1 April oop is om die AJV by te woon. verskonings vul geen stoele nie. Leë stoele en 'n lang verskoningslys dra 'n boodskap van apatie en swakheid oor. Kom stel opbouende vrae en maak goeie voorstelle vir die uitbreiding en versterking van ons Stigting. Ons nooi ook lede van susterverenigings soos die Orde van de Prinsen, Vriende van SASNEV en Stigting Simon van der Stel wat dikwels ons

lesings bywoon. Bring familieleden, vriende en bure saam wat moontlik ook lede van hierdie Stigting kan word. Ons is 'n unieke vereniging, gedurig besig met praktiese opvoedings- en bewaringswerk.

### Kaart van Kasteel



W.van Stade, Kasteel de Goede Hoop, 1710

Die rooi kol op die plan wys waar die Kapel is. Dra asseblief u lapelspeld en naamplaatjie? (Lapelspeld is by die Tesourier te koop teen R70 elk. Plastiek naamplaatjies is gratis by die AJV te kry, as u dit nie reeds het nie. Benut sommer die geleentheid om u jaargeld te betaal.

**Bylaes:** Aan die einde van hierdie *Generale Missive* vind u twee Baie Belangrike Bylaes, naamlik die Notule van 2016 se AJV en ons Finansiële Staat, 2016. Ons stuur dit vroegtydig aan lede om te bestudeer, vir kommentaar indien nodig, om tyd by die AJV te spaar. Ons nuwe konsep-Grondwet sal vanjaar verder op die AJV bespreek word.

### Eeu vir Eeu

Soos gewoonlik kyk ons in ons eerste *Generale Missive* van die jaar terug, in spronge van honderd jaar, voordat ons weer vorentoe kyk.

2017: In Februarie open die uitstalling *Good Hope, South Africa and the Netherlands from 1600*, in die Rijksmuseum, Amsterdam. Ons Stigting meegelyp as tussenganger met die Kasteel, die Wes-Kaapse Argief en Iziko Museums. Op 16 September herdenk ons Stigting VOC se 22ste bestaansjaar, met Bewaring, Opvoeding en Kultuurtoerisme as doel.

1917: Die Eerste Wêreldoorlog is in sy derde jaar, sonder enige teken van vrede. In Rusland breek die Rooi Revolusie uit; Tsar Nikolai II van Rusland abdikeer in Maart maar word met

sy gesin gevange geneem. Bolsjewieke en Mensjewieke stry om mag in die regering. Op 21 September sink die troepeskip SS *Mendi* wat arbeiders van die SA Native Labour Contingent na Frankryk vervoer, na 'n botsing in die oop see; 616 lede van die kontingent verdrink. Op 15 Oktober word die Nederlander Margaretha McCleod, gebore Zelle, bygenaamd *Mata Hari* ('Oë van die Dag') deur die Franse leër tereggestel op 'n klag dat sy vir Duitsland gespioeneer het. Oud-president M.T. Steyn van die gewese O.V.S., sterf in November.

1817: Jane Austen sterf. Melaatsheid neem toe onder die Kaapse bevolking en 'n nuwe toevlugsoord, Hemel-en-Aarde, waar reeds 'n melaatse familie woon, word gestig.

1717: Die buitepos Vishoek word gestig en bly tot 1743 die Kompanjie se enigste teenwoordigheid in Valsbaai. Die pos se funksie was oorspronklik om vis te vang vir die slawe, wat vis en rys bo 'n vleis-dieët verkies het, maar het later die lede van die Politieke Raad se kombuise van vis en oesters voorsien. In Januarie besluit die Politieke Raad met 'n enkele teenstem om voortaan die Kaapse ekonomie met behulp van slawe-arbeid in plaas van Europese immigrasie te ontwikkel. Die retoervloot van 1717 bestaan uit 25 skepe met 'n gesamentlike wagter waarde van sewe miljoen gulden. Vryburger Ernst de Swart kry 'n lisensie om die Kaap se eerste koffiehuis te open. Nicolaas Witsen, botanis, ontdekker, burgemeester van Amsterdam en lid van Here XVII, sterf in Augustus. Tsar Peter van Rusland kom vir 'n derde studiebesoek Nederland toe. Op 25 Desember sit 'n storm uit die noorde Nederland onder water; vyfduisend mense en tienduise diere sterf.

1617: Die Brouwer Roete tussen Europa en Oos-Indië word in Maart vir Kompanjieskepe voorgeskryf. Dit veroorsaak 'n rewolusie in die Indiëvaart wat tot die stigting van die Kaapse maritieme aanvullingsbasis lei. Laurens Reael bedank as Goewerneur-generaal van Oos-Indië. Die eerste eenrigting straat in London word vasgestel.

1517: Op 31 Oktober begin Marten Luther die hervorming van die Katolieke Kerk deur sy 95 stellings bekend te maak; dit lei tot die stigting van Protestantse Kerke.

### **Die tweede Moordkuil.**

Ons het verlede jaar geskryf oor '*de Moordcuil*,' geleë op die plaas Halfmanshof in die Vierentwintigriviere-streek, waar Koina van Ngonnemoa in 1677 sewe Kaapse seekoerjagters doodgemaak het. Ons kon selfs die name van die vermoordes verskaf – iets wat in geen enkele VOC - dokument voorkom nie. Die moorde het tot die sogenaamde Tweede VOC-Koina-oorlog van 1677, die onderwerping van Ngonnemoa se Cochoqua aan die Kaapse regering en die stigting van die Kaapse Weeskamer gelei.

Daar was ook 'n tweede Moordkuil. In die Dagregister van 17 Maart 1684 word eerstens vertel waarom die plek só heet, en dan die berig dat Obiquas (die naam beteken 'moordenaars') 'n groep vryburgers wat met permissie van kommandeur S. van der Stel 'vir die onderhoud van hul gesinne' in die Bergrivier gaan seekoer skiet het, op dieselfde plek aangeval, een Europeër gedood, twee waens verbrand en twaalf osse geroof het. [VC9 Dagregister, 17.3.1684, p.103.] Die Kompanjie kon nie die moordenaars vang nie; hulle het in die kloue van die bergreeks oos van die Vierentwintigriviere verdwyn. Die reeks het die naam Obiquaberg gekry, wat nou 'Hawekwaberg' uitgespreek en geskryf word.

Maande later het die Kompanjie se getroue vriend kaptein Dorha van die Chainouqua (bygenaamd 'Claas,') skape geslag en die Obiqua tot 'n feesmaal genooi, waartydens hy die hoofman en nog sewe Obiqua laat doodslaan het, uit wraak vir die moorde by die Tweede Moordkuil. Kaptein Claas en sy mense het hulle om veiligheidsredes tydelik tot by Kaap Agulhas teruggetrek.

## Iets oor die naam Boesman

Van Riebeeck heard from two contemporary mother tongue speakers, namely his interpreters Autshomao, nicknamed Herry and Krotoa, nicknamed Eva, that the indigenous people refer to themselves as 'Quena.' How they pronounced the word is not known, but 'Koina' is a probability. At the same occasion he was told about a group of people called San, being thieves who owned nothing but what they stole and, according to Autshomao, should be beaten to death. Van Riebeeck's phonetic rendition of San was 'Sao,' so the pronunciation ended with a nasal sound, of which the plural form is 'Saoqua' or 'Sonqua.' The name Sonqua is used in the Dutch East India Company's records until 1685, when the neologism 'Bossieman' appears for the first time: 'Sonquas, commonly called Bossiemans.' (*Sonquas in de wandeling Bossiemans genaamd.*) 'Bosjesmans' is a later variant and in the late 18th century, the only one in use. The modern form 'Boesman,' seems to be the form preferred by those who consider themselves descended from Sonqua; it is either from the English 'Bushman' or from the German '*Buschmanner*,' as it appears in documents written by late eighteenth century trekboers of German descent. Both are apparent derivations of 'Bosjesmans.'

'Koisan' or 'Khoisan' is an artificial modernism, invented by the anthropologist L. Schultze, first published in 1928 and popularized by I. Schapera in *The Khoisan peoples of South Africa*. It is a term '*compounded of the names Khoi-Khoin, by which the Hottentots call themselves and San, applied by Hottentots to the Bushmen.*' [VC 10 Dagregister, 31.10.1685, p.604; L. Schultze: *Zur Kenntnis des Körper Hottentotten und Buschmänner*, 1928. I.Schapera: *The Khoisan peoples of South Africa*, p. 5.]

## Bahasa Indonesia

In *Generale Missive 4/16* het ons onder die opskrif 'VOC woorde' een en ander geskryf oor Indonesiese woorde wat a.g.v. die VOC hier te lande ingeburger geword het. Ons lid Dr Han Mets, 'n boorling van Indonesië, het die volgende aanvullende (en *banyak* welkome) kommentaar daarop gelewer:

'Zoals altijd heb ik ook weer van deze uitgebreide *Generale Missive* genoten, maar vooral van je bijdrage over VOC woorden. Omdat ik zoals je weet uit Indonesia kom en 'lief is' (even Afrikaans schrijvend) voor de taal Bahasa Indonesia, gebaseerd op 'hoog'-Maleis, sprak dit mij geweldig aan. Ik zal dit kommentaar maar in het Nederlands schrijven en mag hier en daar wat kritisch klinken, maar dit is steeds goed bedoeld. Ik meende dat het in deze vorm meer leesbaar zou zijn dan een droge opsomming. Ik ben wel geen taalkundige, maar werk en speel graag met woorden. Ik heb dan ook af en toe met Helena Liebenberg, die dat wel is, gecorrespondeerd over de etymologie of herkomst van mogelijk aan het Maleis ontleende woorden, zoals die hier en in Nederland gebruikt worden. Het huidige Nederlands kent wel degelijk een aantal woorden die terug te voeren zijn naar Indonesische talen, hoor! In de hierop volgende tekst staat 'A' voor Afrikaans, 'N' voor Nederlands en 'M' voor Maleis, dat gelijkluidend is en gelijk gespeld wordt als 'BI' Bahasa Indonesia. Deze talen zijn verenigd in een taalunie.

Eerst dan over (A) 'baklei,' (N) '*bakkeleien*': Jij had daarover een interessant verhaal over Oost-Molukse vechtprouwen waarvan je melde dat die *bakkelaaien* genoemd werden. Voorzover ik weet is dit woord echter waarschijnlijk (ook?) afgeleid van (M) *berkelahi*, waar 'ber' aanduidt dat dit een werkwoord is en het woord (M) *kelahi* in (N) *twist* betekent! (*berkelahi* = vechten en strijden). Wanneer je dit uitspreekt zijn 'berkelahi' en 'bakkeleien' bijna gelijkluidend. Lang geleden stond het (N) *bakkeleien* voor lichamelijk vechten maar zoals je aanduidt later en tegenwoordig slaat het meer op woordelijke twisten over wat ik zou

prefereren 'niet erg belangrijke zaken' te noemen, waarvoor je het nogal sterke woord 'nietigheden' gebruikt.

Dan eerst iets over (A) 'baie', dat toch waarschijnlijk als oorsprong het (M) *banyak* heeft; beide betekenen (N) 'veel.' (Vroeger werd dit gespeld als *banjak*, maar de 'j' heeft nu in (M) en (BI) als klankwaarde 'dj' gekregen). Interessant is misschien dat er een mini-archipelletje in Indonesia bestaat met de naam van 'Banyak eilanden,' waar het goed surfen schijnt te zijn! Misschien zijn dit (N) 'veel' eilandjes?

Dan heel wat over niet het woord *passer* (hetgeen immers een meetinstrument is, misschien was dit een misspelling?), maar wel over (M) *pasar* = (N) 'markt' en oud-Nederlands *basaer* = (N) *bazaar*. In het Pharos Groot (A) woordenboek, (N) woordenboek, p. 179) wordt dit ook als (A) 'basaar' vermeld met daaronder als betekenis 'fancy fair' !?!

In het algemeen associeert men het woord *bazaar* met markten in het Midden Oosten of ook wel de Orient. Maar in het Nederlandse gebruik verwijst (N) *bazaar* ook naar een verkoping van gedoneerde of speciaal aangemaakte goederen voor een goed (weldadigheids-) doel. Het woord komt voort uit het (N) *Perzies*, (A) 'Persies' en duidt op de klassieke, veelal open markt met al of niet overdekte stalletjes aan de kant. Dit is (A) 'amper' (van (M) *hampir*) hetzelfde in Indonesia en Malaysia waar deze markten echter (M) *pasar* genoemd worden. (M) *pasar* is een afgezet gebied, in de zin van met een aangegeven begrenzing. [Van Riebeeck het hiervoor 'pagger' gebruik, byv. om 'n tuin te 'ompagger.' Red.] In Nederlands-Oost-Indische tijden werd '*Pasar Maleis*,' met een beperkte woordenschat en structuur, door huisvrouwen veelal als lingua franca gebruikt, vooral in die gebieden waar locale Indonesiers een eigen huistaal zoals Javaans, Sundanees, Balinees enz., bezigden. Zogenaamd '*hoog-Maleis*' werd wijd en zijd in het onderwijs en in kranten en tijdschriften gebruikt. Maar (M) *pasar* is in Indonesia het gebruikelijke woord voor markten, voornamelijk van levensmiddelen, etc., maar kent ook samengestelde specifieke vormen zoals (M) *Pasar Gambir* = (N) *jaarmarkt* en (M) *Pasar Dunia* = (N) *wereldmarkt*. Interessant is dat *Pasar Malam* (letterlijk: markt in de avond of nacht) duidelijk het karakter heeft gekregen van een Kermis; etymologies beschouwd is dit ook weer een ander interessant woord.

De *Pasar Malam* in Den Haag is a.h.w. een nationaal festijn geworden. Jaarlijks wordt daar op het Malieveld deze (N) *Pasar Malam* gehouden, niet alleen als een markt voor de (A) 'Indonesiese' gemeenschap maar voor ieder die enige belangstelling stelt in Indonesische spijzen, goederen, handelswaren of geschiedenis. Dit is echter ook een plaats van samenkomst geworden, waar je vrienden van vroeger die elders dan jezelf wonen kan ontmoeten. Velen die daar komen zijn natuurlijk wel van Indonesische oorsprong, zijn daar geboren of van z.g. Indische afkomst. Maar ook komen bezoekende of er wonende Indonesiers en autochtone in het land opgegroeide Nederlanders in grote getalle naar de *Pasar Malam*. Zo ben ik daar zelf meerdere malen geweest samen met onze vrienden, als wij weer eens in Holland waren en lekker Indonesisch wilden eten, of een reunie met kennissen en andere vrienden zochten.

[*Terima kasih banyak, Tuan Mets. Pasar Malam* heet van vanjaar af die Dong-Dong Fees. U bydrae was hoogs interessant. Volg asseblief sy voorbeeld, geagte lede, en skryf aan ons. Ons benodig en verwelkom opvoedkundige kommentaar. Amper ongelooflik, dat 'amper' (*hampir*, wat 'byna' beteken) ook uit die Bahasa Indonesia kom. Red.]

### **Wat was dít?**

Uit die Dagregister van Sondag, 20 Julie 1664: '*Op den avond tusschen licht en doncker sagen een licht vlammeende strael als een brandende fackel aen de lucht die heel clae ende noch met geen starren beset was recht uit het oosten na het westen schieten, waervan een koolvuerige roode streep omtrent 9 off 10 roeden langhte een moij poosje staande bleef, die naderhant in een witte wolckje veranderde, gelijk alle menschen op straet wesende sulcx met*



*schricq en verwonderingh gesien hebben.* ' [A.J. Böeseken (red.): *Dagregister en Briewe van Z. Wagenaer, 1662-1666*, pp.153-154.] Ja? Waarskynlik 'n meteoriet, gevaarlik laag. Maar, geleerde vriende, wat dan van die volgende?

Uit die Dagregister van 29 September 1695: 'Volgens verslag van verskeie onderoffisiere en uitgeplaaste skildwagte het daar verlede nag tussen 11 en 12 uur met die lug oop en die weer stil, 'n vuur oor die Leeuberg geval wat soveel lig uitstraal dat jy daarby sou kon lees, en eindelijk in 'n menigte strale versprei en op die voet van Tafelberg neergedaal het.' [VC 13 Dagregister: 29.9.1695, p.884.] Ek het dit vertaal om dit meer verstaanbaar te maak. Die oorspronklike woorde vir 'uitgeplaaste skildwagte' is byvoorbeeld '*uitstaande soldaten*.' Gebruik ons vandag 'uitstaande' anders as 'uitnemend,' m.b.t. vertoning of optrede, of 'verskuldig,' m.b.t. salaris, verlof of skuld?

Maar wat op aarde het daardie nag uit die hemel geval?

### **'n Grote Atlas te Koop**

Mnr P. Meffert, vroeër van Swellendam, moet tot sy spyt afskeid neem van sy geliefde *Grote Atlas van de VOC, deel V (Afrika)*. Swak sig het dit veroorsaak. Daarmee saam bied hy twee DVD's, waarop daardie kaarte wat op Suid-Afrika betrekking het, versamel is. Dit is baie handig, omdat hulle op die rekenaar vergroot kan word. Die prys is onderhandelbaar. Mnr Meffert vra of belangstellendes hom asseblief sal bel, by tel.: 021-913-4815. Ons Stigting is nie by die transaksie betrokke nie.

### **Ontmoeting met Caemer die Haeghe**

Robert van Aken (Voorsitter) en Jan Lourens (Sekretaris) van Caemer die Haghe met hul gades Joy en Greet was vroeg in Januarie met vakansie in Kaapstad en het aangedui dat hulle ons graag wil ontmoet. Dus het ons Voorsitter Leon, Onder-voorsitter Helena, Sekretaris Rudolf en ek een oggend by hul hotel in Breestraat saam met hulle tee gedrink en betrekkinge aangeknoop. Geskenkies is uitgeruil. Hulle het twee DVD's, '*De reede van Hoorn, 1609*' en '*De replica van de Halve Maen op weg naar Hoorn*' aan ons geskenk. Daarna het ons iets van die VOC se nalatenskap in Kaapstad, soos die VOC-argief en Kasteel de Goede Hoop, aan hulle gewys.

Daar was verlede jaar 'n skeuring in Caemer die Haghe, as gevolg waarvan 'n aantal lede, onder wie van ons hoogsgewaardeerde vriende soos Rob Carbasius Maier, Sven Nils, Roeland van Berckelaer, Peter Campen en Charlie Arps, afgestig en 'n nuwe groep genaamd VOC Caemer Haeghe Besoignes, gevorm het. Ons Stigting het op die komiteevergadering van 10 Februarie 2017 besluit om goeie betrekkinge met alle VOC-groepe na te streef.

### **Kamer Antwerpen**

Kamer Antwerpen gaan van krag tot krag. **Sien aangehegte** *Journal Nr15*. Dit is iets om op jaloers te wees.

**Ons boek.** 'n Resensie in *Die Burger* van Februarie 2017:

*Die VOC aan die Kaap, 1652-1795. Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie (reds)*  
*Protea Boekhuis, R350*

*'Hierdie resensent moet bieg: Dit was 'n hemelse ervaring om dié werk op die stoep van 'n vriend op Pringlebaai te lees, met Valsbaai wat voor hom uitstrek na die skuinsagterkant van Tafelberg en Duiwelspiek aan die oorkant en die wete dat Hangklip net hier om die draai in die see val. Maklik was dit om hom in die geskiedenis in te lewe wat in hierdie 500 plus bladsye afspeel. En vir die lesers wat hom nog onthou: die inhoud is 'n Karel*

*Kielblock in aksie.*

*Gaan vra maar: weinig Afrikaanssprekendes sal oor die geskiedenis van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie (die VOC) meer kan stamel as die name Jan van Riebeeck en Simon van der Stel. Dalk nog die skurkagtige Willem Adriaan van der Stel en die heldhaftige Adam Tas. En, o ja, die meer as heldhaftige Wolraad Woltemade wat gesien het hier is père toe De Jonge Thomas in 1773 in Tafelbaai strand. Maar meer nie.*

*Nou is daar geen verskoning meer nie. Kundigheid is die sleutel tot sukses en hier het ons drie super-redakteurs wat die dokumente in die Kaapse Argiefbewaarplek al jare bestudeer en daarvoor skryf, met hulle span van veertien ewe bekwame en uitgelese medeskrywers ter ondersteuning. Neem maar kennis, naas Con de Wet, Leon Hattingh en Jan Visagie is daar Dan Sleigh, Helena Scheffler, die Nederlanders Gerrit Schutte en Thom de Smidt, Hans Heese, Gawie en Gwen Fagan, Hoffie en George Hofmeyr, Thean Potgieter, Kay de Villiers, Deon Visser, Piet Westra, en W.D.F. Malherbe. 'n Redakteur se droom. Tragies dat 'n paar van hulle se bydraes postuum verskyn.*

*Soos die titel aandui, is dit 'n geskiedenis van die VOC aan die Kaap in die tydperk 1652 tot 1795. Ons beleef die ontwikkeling van 'n maritieme dienspos ('n verversingspos) vir die VOC-skepe wat van Nederland na Batavia (vandag Jakarta) in die Ooste seil en terug, tot 'n vestigingskolonie. Die leser kan hom of haar verlustig in temas soos die wêreld van die VOC, die produksiestelsel en dienslewering van die Kaapse diensstasie, maritieme bestuur, bestuursinstellings en regspraak, die strategiese waarde en verdediging (of gebrek daaraan) van die Kaap, gesondheidsdienste, onderwys, godsdiens, argitektuur, boekversamelings tydens die Kompanjiesbewind, watervoorsiening, munte in omloop aan die Kaap, en die VOC se nalatenskap. Ses hoofstukke oor die bevolkingsgroepe aan die Kaap is 'n reuse-bydrae tot ons verstaan van die wording van die Suid-Afrikaanse samelewing – van die Kaapse Koina (Khoikhoi of Hottentotte) en die ekonomiese stryd tussen hulle en die VOC, tot die vryburgergemeenskap, slawerny aan die Kaap en die gemengde en “bruin” bevolkingsgroep. Mensig, dit is 'n ryk en geskakeerde versameling hoofstukke wat met sobere objektiwiteit geskryf is en 'n pragtige eenheid vorm. Die resensent mis net 'n bydrae van Hettie Claassens oor hoe Boerekos sy beslag in hierdie tydperk gekry het, en iets oor die ontwikkeling van Afrikaans deur 'n Christo van Rensburg of 'n Jaap Steyn.*

*Die Inleiding vertel ons dat baie kundiges 'n behoefte geïdentifiseer het aan 'n gesaghebbende publikasie wat die VOC se bewindstyd aan die Kaap volledig behandel. Daarom het die bestuur van die Stigting VOC reeds in 2005 besluit op 'n publikasie. Dit is eenvoudig wonderlik dat hierdie werk nou verskyn het. Behalwe historici en belangstellende leke sal genealoë jubel oor 'n werk wat die agtergrond verskaf vir die stories van hul voorsate en dit boonop so pragtig in perspektief stel. Dit is die aangrypende verhaal van vroeë Suid-Afrikaners se stryd teen die elemente en teen mekaar.*

*Hierdie resensent het net een kweiling: Voor die Eerste Wêreldoorlog het sir Edward Grey, Britse minister van buitelandse sake, somber gewaarsku: “The lamps are going out all over Europe, we shall not see them lit again in our life-time”. My pyn is dat hierdie werk openbaar dat die aantal Afrikaanssprekende historici hoofsaaklik verskraal het tot iets meer as 'n handjievol seniors wat aan die vak getrou is. Daar is wel 'n paar belowende opkomende jong Afrikaanse historici. Die meeste van ons onthou egter nog vir Hansie Brewis en Tom van Vollenhoven.*

*Maar om met 'n vreugdeslied af te sluit: Protea Boekhuis het hom al met Karel Schoeman se reeks oor die Kompanjie-geskiedenis gevestig as die voorste ontsluiters van daardie wêreld en sy tydsges. Hierdie werk span die kroon daarop.*

Fransjohan Pretorius is emeritus-professor in Geskiedenis van die Universiteit van

Pretoria en voorsitter van die GeskiedenisKommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.

**Gelukwensing:**

'Beste Con,

Vanmorgen ontvang ik een exemplaar van *Die VOC aan die Kaap*. Mijn gelukwensen! Het ziet er imponerend en mooi uit. Ben dankbaar dat ik in zo'n mooi boek mag staan, en dan nog wel in Dan's Afrikaans! Je zult bijzonder tevreden zijn, na zoveel jaren van werk, zorgen en geduld! Feliciteer Leon en Jan van me. En een mooie presentatie op 10/12 gewenst!

Hart.gr., ook van Trijnie,

Gerrit

Indien enige van ons lede 'n setfout of feitefout in ons pasverskene boek *Die VOC aan die Kaap, 1652-1795*, opmerk of van so-iets verneem, wees asseblief so vriendelik om dit aan redakteur Con de Wet <cdewet@snowisp> bekend te maak, sodat dit reggestel kan word as daar 'n tweede druk sou kom.

**Ledegeld**

Ons Stigting se ledegeld staan nou al jare lank op R90,00 en dit is min, maar verskeie lede het in die betaling van hul ledegeld agter geraak, en die agterstallige bedrag beloop vanjaar meer as R2000. Ons haal nou mense wat nie betaal nie, van ons poslys af. Skakel asseblief ons tesourier insake betaling, as u lid wil bly. Die maklikste is om die AJV by te woon en direk aan die tesourier te betaal.

**BYLAE A: Notule van AJV, 2016.**

(Aangeheg met hierdie e-pos)

**BYLAE B: Finansiële Jaarverslag, 2016.**

(Aangeheg met hierdie e-pos)

*Behouwde vaert, Selamat jalan*

D. Sleigh (Redakteur )

J. Sleigh (Tegnies)

6 Maart 2017.